Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 1 #31 28 Oktober 2012

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Saam met die Here op 'n trekpad

Sing: Ps. 84-2:1,2
Sing: Ps.84-2: 5 (Kinderbegeleiding)
Sing: Sb.9-1: 1,2 almal, 3-9 beurtsang bo en onder, 10,11 almal
Skriflesing: Eksodus 33 **Teks:** Eksodus 33:14-16
Sing: Sb.5-4:3,4,5,6
Sing: Ps.73-1:10,12
Amen: Sb.13-2

11:30 English Service

Dr Raymond Potgieter
Theme: Taming the tongue
Scripture reading: James 3:1-17
Text verse: James 3:11

NB! 19:00 Aanddiens

Hervormingsondag

Ons vier vanaand die Hervorming tydens 'n gesamentlike diens van al die Gereformeerde kerke in die Ouditorium om 19:00. Lees meer op bladsy 2.

BULT EEN JAAR OUD!!!

Hierdie gemeente van die Here het verlede jaar op die ooreenstemmende Sondag, op 30 Oktober tot stand gekom. Ons dink terug op baie seëninge van die Here. Die eenheid, samewerking en nuwe gerigtheid wat in die bediening ontwikkel het, is groot genade van die Here. Na 'n lang proses van beroeping is Ds Willem en sy gesin hande-viervoet ingeburger in die gemeente en sien ons uit na 'n toekoms in die Here se hand. Baie dankie aan elke lidmaat wat in die tyd opgeoffer, aangepas en saamgewerk het. As daar soveel in een jaar kon gebeur is ons werklik opgewonde oor die toekoms wat voorlê.

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

HERVORMINGSONDAG

Alle kerke in reformatoriese tradisie vier hierdie Sondag, die naaste aan 31 Oktober, HERVORMINGSSONDAG. Ons herdenk dan die ingrypende gebeurtenis wat die begin van die Hervormingsbeweging aan die gang gesit het, naamlik toe Marten Luther op 31 Oktober 1517 sy 95 stellings teen kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het. Die beginsels wat uit die Reformasie gespruit het, is vandag nog net so van toepassing

- Solo Christo – Christus alleen
- Sola Schriptura – Net die Skrif
- Sola Fide – Net die geloof
- Sola Gratia – Net genade
- Sola Deo Gloria – Net die eer van God

Ons vier vanaand die Hervorming tydens 'n gesamentlike diens van al die Gereformeerde kerke in die Ouditorium om 19:00. Mag die Here ons lei om altyd reformerend te wees.

GROUP LEADERS WANTED

Together with Reformed Church Cachet we plan an English Camp for first year students, 9 – 11 January, 2013 DV. Anyone who desires to be a group leader can contact Rasea Molefe (073 337 9350 or email: 20765223@nwu.ac.za).

Deadline: 16 Nov @ 16:00

GROEP 35-55

Die lankbeloofde kuier is uiteindelik hier...

Vanmiddag...'n Lekker kuier by GP en Hesmé Schoeman! Bring eie-alles en onthou vleis, 'n bykos en stoele is noodsaaklik. As jy wonder, bel Elizabeth Steenekamp by 083 452 2816

Moet dit nie mis nie!

Bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak
670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG

Kosbank

Die Kosbank is weer aan die leeg word, en ons vra enige skenkings hiervoor. Hierdie skenkings sal dan weer aan behoeftiges in ons omgewing gegee word.

Veral blikkies vleis / vis en sojaprodukte is noodsaaklik. Geblikte groente, vrugte of selfs iets soos koffie of suiker word ook baie waardeer.

Skenkings kan by die kerkkantoor of in die portaal by die kerk afgegee word.

Skakel gerus met die kerkkantoor vir enige navrae.

Blapse in kerkblaadjies

Dames, moenie die krap-en-koop aand vergeet nie. Dis ook jou kans om van al die onnodige goed in jou huis ontslae te raak. Onthou om jou man saam te bring.

TOERUSTINGSGELEENTHEID SAAM MET PROF DAVI GOMEZ VAN DIE Igreja Presbyteriana doBrazil (IPB)

Ons is bevoorreg om vir prof Davi Gomez tydens sy besoek aan Suid Afrika hier in Potchefstroom te kan ontvang. Hy is bereid om saam met ons te vergader om toerusting te gee en sy insigte met ons te deel oor **"The revitalisation of the church"**

Hy het tydens die onlangse sinode van die GKSA in Januarie die sinode op 'n begeesterde wyse toegespreek oor die groei van die Gereformeerde kerke in Brasilië.. Die Sinode het gehoor van die kragtige groei van die gereformeerde kerke in 'n land wat bekend staan as 'n Rooms Katolieke land en van sending wat met baie groot seën dwars oor die wêreld gedoen word.

Die IPB het tans ongeveer 1 miljoen lidmate, 6400 predikante, 8 teologiese skole en een nagraadse sentrum vir predikante – 'n sentrum met wie ons Teologiese Skool DV aan die einde van die maand 'n ooreenkoms sluit. Die IPB het dieselfde jaar as die GKSA tot stand gekom – 1859.

Op Woensdagaand om 18:30 is daar 'n oop uitnodiging aan al die lidmate van die gemeentes om saam na hom te kom luister. Die geleentheid vind plaas in ons kerkgebou.

Kom besin vanuit die Woord saam oor die pad vorentoe

Dit is heel gepas om 'n jaar na die ontstaan van die Bult gemeente, saam met die twee predikante, vanuit die Woord van die Here, te besin oor die trekpad waarop die Here ons plaas.

Ons as gemeente het reeds met die Fokustyd besin oor die drie sirkels van IN, OP en OOR die BULT. Hieruit het dit duidelik geword dat die sirkels nie waterdig geskei kan word nie en het 'n IDENTITEITSTELLING ontwikkel wat ons soos volg formuleer: "Geref kerk die Bult – Ons is Christene wat elke dag, heeldag op en oor die Bult lewe."

Vanuit die pad wat die Here reeds met ons geloop het, wil ons nou vorentoe en verder agter die Here op trek gaan. Presies waar en hoe die toekoms lyk kan nie een van ons voorspel nie, maar ons wil in gehoorsaamheid op 'n pad gaan.

Nadat die twee predikante die afgelope tyd heelwat saam besin het oor die bediening en hieroor met die kerkraad in gesprek getree het, glo die kerkraad dat die Here ons gelei het om nou as gemeente saam te besin oor 'n paar dinge wat ons op die pad wil saamneem. Natuurlik is dit maar enkele sake, maar dit staan tans vir ons voorop.

1. **AANBIDDING** in die wydste sin van die Woord is deel van die doel hoekom ons en die gemeente bestaan. Ons wil op die pad gaan terwyl ons God aanbid.
2. Ons trek nie in isolasie van mekaar nie, maar juis ons, wat deur die Here in die gemeente gevoeg is, gaan **SAAM** op trek. Ons het mekaar nodig en moet mekaar toerus, ondersteun en bystaan op die trekpad;
3. Ons fokus op die pad moet baie sterk op **VERHOUDINGS** ingestel wees;
4. Ons loop die trekpad **LUISTEREND**;
5. Terwyl ons luister wil ons ook **DOENEND** op trek gaan met die wete dat toerusting in die praktyk die mees effektiewe manier is.

Oor die volgende vyf weke wil ons die sake in die prediking aanspreek maar veral ook almal uitnooi om saam met die predikante hieroor Bybelstudie te kom hou.

Julle kan self kies watter van drie tye julle wil kom bywoon aangesien dieselfde Bybelstudie drie keer herhaal word. Of Maandagmiddae tussen 17:00 en 18:30 OF Maandagaande tussen 19:30 en 20:00 OF Dinsdagaande tussen 19:30 en 20:00. Die Bybelstudies begin op Maandag 5 November.

KUIERKOMBUIS

Na evaluering van die aktiwiteite van die KUIERKOMBUIS kan ons met groot dankbaarheid teenoor die Here berig dat ons by die R 90 000 wins ontvang het. Ons kan dit in drie gelyke dele uitdeel aan die Venterskroon-bediening, die Viljoen hulpfonds en die Simon Coetzee Versorgingstrust. Weereens 'n woord van groot dank aan elkeen wat op een of ander manier 'n bydrae tot die saak gemaak het.

Hierdie jaar het die projek 'n nuwe fokus gekry as deel van die bediening van die Gemeente OP die BULT. Die Here skep die geleentheid op geen ander plek nie as juis hier op ons voorstoep en bring duisende mense hierheen. Dit was 'n voorreg om 'n klompie hiervan die liefde van die Here te kon bedien.

Baie dankie

Liewe gemeente

Baie dankie vir u ondersteuning en bydrae tot die Viljoen Hulpfonds. Dit was 'n voorreg om deel te wees van die Kuierkombuis en die geselligheid van mense en die wete dat 'n mens deel kan wees van 'n groter familie.

Julle meelewing en ondersteuning beteken vir ons baie.

Ons opregte dank en waardering.

Dawie en Mariette Viljoen

Kuier~saam~ontbyt~bederf

Kom geniet 'n heerlike ontbyt-bederf
Sommer op die kerksaal se eie erf
Saterdag 24 November is die dag
Ons begin al vroeg, ja sommer net na ag.
R30 is al wat jy moet betaal
Vir koffie en ontbyt op die stoep van die saal.
Bespreek by jou diaken* sodat ons darem kan weet
Vir hoeveel mense ons eiers sal moet afmeet.
Die ontbyt is vir almal so, kom geniet die bederf
Ek sê weer dis sommer hier op ons eie kerksaal se erf.

** Jy mag ook by die kerkkantoor laat weet*

Pret vir al die Katkisante!!!!

24 November net na die ontbyt
Kom die kinders bymekaar van noord en van suid.
Want dan gaan ons kuier op die kerksaal se erf
En die kinders word met heerlike pretgoed bederf
Van **10 tot 1** kan julle daar kom speel
Ons gaan lekker eet en gly en kyk wat die studente alles kan reël
So, al die kinders van **laerskool** tot **matriek**
Kom speel en kuier en eet tot die horlosie 1 uur tiek

Beroepe

BEROEPE ONTVANG

Ds OJ Struwig van Delmas na Frankfort.
Ds JC van Dyk van Ventersdorp na Zeerust.
Ds RA Bain van Cachet na Die Kandelaar.
Ds W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie na Jeffreysbaai.

BEROEPE AANVAAR

Ds HB Coetsee van Ontdekkers na George.

BEROEPE BEDANK

Dr VE d'Assonville van Marble Hall en Reformatorories-Teologiese Seminaar, Hannover, Duitsland na Vryburg.

Teeskinkbeurte

Vandag
KG 10 & Wyk 28 (Petro Steyn & Retha van Wyk)
Volgende Sondag
KG 11 & Wyk 30 (Annemarie Schoeman & Jacoba van Rooy)

Baie dankie!

Dit is nie nodig om die koppies vir die Engelse diens se lidmate te bêre nie – hulle drink koeldrank in die Somer.

G5

Kom kuier saam in die G5 Elke Woensdag vanaf 18:00 en Sondae na die erediens in die G5 koffiekamer agter die kerksaal. Kom geniet goeie geselskap, met beter koffie.

Sien JOU daar!

BULTUITREIK

Hoewel die reënerigheid dit moeiliker gemaak het, het 'n groepie Woensdagaand 'n draai op die Bult gemaak om te gaan waarneem en luister. Terug in die Koffiekamer het ons heerlik gesmul aan die Worsbroodjies wat 'n kleingroep vir ons gemaak het terwyl ons ons ervarings met mekaar kon deel.

Die ervarings wat nie noodwendig aardskuddend nie. Enkele algemene gesprekke is gevoer, name is geleer ken en kontakte is vir die toekoms gemaak. Elkeen wat gegaan het, het ryker teruggekom en na die gesprek in die Koffiekamer het ons 'n tree of wat nader gegee aan hoe ons met die G5 Luisterbediening moet vorentoe gaan.

Dit is moeilik om wat ons ervaar het, aan ander wat dit nog nie gedoen het nie, te verduidelik en daarom vra ons dat lidmate hulle kom blootstel aan die wyse van uitreik wanneer ons dit volgende jaar meer gereeld gaan doen.

Uiteindelik moet dit 'n leefwyse word om elke dag op elkeen se eie "BULT" doelbewus te luister en die liefde van die Here aan ander te bedien.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

STUDIESENTRUM

Die kerksaalkompleks is tot Woensdag 14 November in 'n STUDIESENTRUM omskep. Dit is 'n geleentheid waartydens ons die fasiliteite van die Here aan studente wil beskikbaar stel en die liefde van die Here op die manier wil bewys.

Lidmate kan op die volgende maniere betrokke wees:

• BID dat die Here die projek sal seën en dat ons die geleentheid vir gesprek en liefdesdiens sal raaksien.

• Kom neem 'n **DIENSBEURT** of twee waar. Jy het geen spesialiskennis nodig nie. Jy sal die keer 'n T-hemp ontvang om te dra sodat jy uitgeken kan word. Al wat jy moet doen is om toe te sien dat die koffiekamer in goeie orde is en verder net daar te wees indien iets nodig is. Bring 'n boek of jou rekenaar saam en kom werk sommer self hier.

• Maak asb **REKLAME** vir die aksie. Daar sal vandag pamflette in die portale beskikbaar wees wat julle in julle werksplek of waar ook al kan versprei. Neem gerus daarvan en sprei die goeie nuus uit.

Liefdegawes
by die deure

28 Oktober:
Oggend: Bybelverspreiding
Hervormingsdiens by Cachet
4 November:
Oggend: Venterskroon
Gesamentlike aanddiens
11 November:
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Meelewing

Verjaarsdae

Vandag, 28 Oktober
George Lotter
Kleingroep 02 083-284-7599

Maandag, 29 Oktober
Jakus Eloff
Wyksgroep 16 084-916-7173
Martin van Rensburg
Wyksgroep 28 082-885-8218

Dinsdag, 30 Oktober
Faan de Beer
Wyksgroep 10 076-189-9360
Magdeli Steenekamp 12
Wyksgroep 26 018-294-5685

Woensdag, 31 Oktober
Mariëtta Basson
Wyksgroep 04 083-660-2917
Thinus de Jager
Wyksgroep 26 082-347-6004

Donderdag, 1 November
Liana Werkman
Wyksgroep 11 071-471-7762

Vrydag, 2 November
Nico van der Merwe
Wyksgroep 30 018-297-3669
Magda van der Walt
Wyksgroep 06 018-294-4808

Saterdag, 3 November
Imke de Kock 14
Kleingroep 05 076-570-3825
Jan de Kock
Kleingroep 05 082-888-2003
Elmari Fouché
Wyksgroep 11 082-532-3118
Koos Schoeman
Kleingroep 11 082-433-8222
Albert van der Merwe
Wyksgroep 30 018-297-3669

Meelewing

Andries en **Susan Campher** (083-335-7731) het hulle babatjie enkele dae voor sy geboorte verloor. Ons bid vir hulle en glo dat die boodskap van Christus se opstanding uit die dood hulle in die moeilike tyd sal vertroos.
Ons dink steeds aan **Ben Strydom** (018-294-5411) wat die laaste tyd baie verswak het. Bowendien sukkel **Eunice** met 'n seer been. Die geloofskrag en vreugde van die Here is egter merkwaardig sigbaar by hierdie twee gelowiges.
Suzette Coetzee (082-854-0764) se knievervanging het goed afgeloop en bid haar herstel toe.
Kobie Blom (072-202-7533) gaan die week na Pretoria vir 'n knievervangingsoperasie. Ons bid vir die Here se seën op die operasie.
Ons dink vandag weer aan al die bejaarde lidmate wat nie saam met ons kan vergader nie. Na besoek aan oom HB en tannie Anna vd Walt besef 'n mens weer die leemte wat gelowiges ervaar om nie meer saam met die huisgesin van die Here bymekaar te kom nie. **Laat ons hierdie broers en susters nie vergeet nie.**
Baie geluk aan **Theuns Eloff** (082-806-4956) wat 'n onlangs die "Africa Excellence in Communication Leadership"-toekenning ontvang het. Dit is 'n besonderse eer!

Borg 'n Bybel

Die finale bedrag wat ons gemeente ingesamel het vir die Borg 'n Bybel projek is uiteindelik bekend! Die bedrag beloop op **R26 032.00** en ons borg dus 500 Bybels (een Bybel kos R52).
Ons het aan die begin van die projek gemik vir 500 Bybels, en op stadiums gedink dat ons dit nie gaan haal nie! Maar vandag kan ons net aan God eer gee, dat ons so 'n mooi bedrag kan skenk aan Bybelverspreiding.
Vanoggend se liefdegawe by die deur gaan ook aan Bybelverspreiding.